

## **Sing vooraf staande: Psalm 118:1, 3 (p. 575)**

- 1 Loof, loof die HEER met lofgesange! / O Isr'el, wees in God verblyd.  
Sy goedheid volg Hom in sy gange, / sy goedheid duur in ewigheid.  
Loof, Arons huis, met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,  
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!
- 3 Toe ek, omring van alle sye, / die vyand rondom my sien staan,  
het God my stem gehoor uit lye, / en my weer veilig uit laat gaan.  
Ek sal nie langer hulp'loos wees nie, / of wanhoop selfs in doodsgevaar:  
ek sal die mens nie langer vrees nie, / wat magt'loos is as God bewaar.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 84:2, 5 (p. 424)**

- 2 Die mossie vind 'n huis, o HEER, / die swaeltjies lê in nessies neer;  
en ek vind rus by u altare, / waar U vir my 'n woning maak  
en U, my Koning, my bewaak. / Gedugte HEER der leërskaare,  
welsalig wie in u paleis / U altyddeur mag loof en prys!
- 5 O God, ons skild, ons teëweer, / sien tog op u gesalfde neer,  
skenk hulp en heil aan Sions koning! / Een dag is in u huis my meer  
as duisend waar ek U ontbeer; / veel liever is ek in u woning  
'n drumpelwagter, as gewend / aan yd'le vreugde in sondaarstent.

## **Geloofsbelydenis Nicea**

*Na die wet antwoord ons daarop met Psalm 99:4, 5 (p. 492).*

**Wet**

## **Psalm 99:4, 5 (p. 492)**

- 4 Bidders het gepleit / in die worstelstryd; / daar het lig gekom / uit die wolkkolom,  
dat hul dankbaar-trou / God se wet kon hou: / heil'ge lewensorde / hul van God geworde.
- 5 By U, HERE, is / daar vergiffenis, / ook al het u trou / nie hul straf weerhou.  
Loof, verhef die HEER; / werp jul voor Hom neer! / Bring Hom roem en ere – / heilig is die HERE!

**Gebed**

## **Psalm 118:10 (p. 578)**

- 10 Dit is die poort van Isr'els HERE, / wat voor sy huis as wagter staan;  
die poort wat meld van heil en ere, / waardeur sy gunsvolk in mag gaan.  
Daar sal ek, HEER, met dankgebede / U groot maak op die dag van fees,  
want U was in my angsverlede / vir my tot hulp en heil gewees.

**Skriflesing: Sagaria 6 en Openbaring 6**

**Teks: Sagaria 6:8, 12**

**Toe het Hy my geroep en aan my dit gesê: Kyk, die wat uittrek na die land  
van die noorde, hulle bring my Gees tot rus in die land van die noorde.  
(Sagaria 6:8 AFR53)**

**So spreek die HERE van die leërskaare: Kyk, daar kom 'n Man wie se Naam  
is Spruit, en Hy sal uit sy plek uitspruit, en Hy sal die tempel van die HERE  
bou. (Sagaria 6:12 AFR53)**

Kom ons kyk weer vinnig na al die naggesigte, net om die lyn van God se openbaring daarin te onthou. Dan sien ons watter verband daar tussen hulle almal is.

- Die eerste naggesig: Die kerk is dood. Alles is stil en rustig.
- Die tweede naggesig: Die Here waarborg die kerk se veiligheid.
- Die derde naggesig: Die kerk kan nie deur mense in hulle swakheid afgegrens word nie.
- Die vierde naggesig: God vergewe die kerk haar skuld.
- Die vyfde naggesig: God bou nie sy kerk met geweld nie maar deur die verantwoordelikheid van lidmate.
- Die sesde naggesig: God oordeel en suiwer die kerk.
- Die sewende naggesig: God verseël die sonde op 'n plek buitekant sy kerk.
- Die agste naggesig: Nou maak die Here sy kerk heilig en volmaak.

Ons kyk na die volgende:

- 1. Waar is die plek van die naggesig, en wat is alles daar teenwoordig?**
- 2. Die troos en genade van die naggesig.**
- 3. Die Here Jesus Christus word voorspel.**

### **1. Waar is die plek van die naggesig, en wat is alles daar teenwoordig?**

Hierdie gesig preek die volmaakmaking van die kerk. Dit gebeur deur die werking van al drie die Persone van die Drie-enige God.

- In die naggesig openbaar die Vader sy beplanning aan Sagaria.
- Die Heilige Gees sal God se gerig en genade uitvoer.
- En die Messias (die Here Jesus Christus) sal dan die Priester-Koning wees wat die tempel van God sal oprig.

Die eerste naggesig het ons na die ingang van die hemel geneem. Die laaste naggesig neem ons na die uitgang van die hemel toe.

Daar staan in vers 5 dat hierdie perde en strydwaens nou net van die Here af kom waar hulle hulleself voor Hom gestel het.

- Hierdie perde is ongeduldig. Lees vers 7:

**En toe die sterkes uittrek, het hulle begeer om weg te trek om die aarde te deurkruis; (Sagaria 6:7 AFR53)**

- Hulle kan nie wag om weg te spring op hulle ver tog nie.
- Hulle is besonder sterk – goed toegerus om God se werk te doen.

Dit is opvallend hoe die naggesigte beskryf dat die natuur ook saamwerk om God se raad uit te voer.

- Die vrouens wat die efa weggedra het, het die wind in hulle vlerke gehad.
- Soortgelyk is hierdie perde in hulle krag en ongeduld om hulle werk te kan doen.

Daar is ook in hierdie naggesig kleure betrokke by die taak van elke groep perde.

- Eers rooi perde, dan swart perde, dan wit perde en dan bont perde.
  - Die rooi perde preek oorlog en bloedvergieting.
  - Daarom breek daar ontsettende smarte oor die wêreld los waar hulle heen gaan.
- Die swart perde simboliseer die dood.
  - Hulle simboliseer ook alle smarte wat uit die oorlog gaan voortkom,
  - maar ook die dood as gevolg van die grimmigheid van die toorn van God.

- Die wit perde is vrede en oorwinning.
  - Die strydwa wat hulle trek, word die oorwinningswa van die Here!
- Die bont perde simboliseer siekte en pes wat in die eindtyd oor die aarde sal kom – epidemies en dodelike kwale.

Dit is al die dinge waarmee die Gees van die Here gaan werk om die kerk uiteindelik te suiwer en te vervolmaak, en die wêreld skoon te maak.

Hierdie perde stem merkwaardig ooreen met die perde van Openbaring 6.

- Daar sien die apostel Johannes ook 'n wit perd.
  - Die Een wat op hom sit, is die Oorwinnaar.
- Dan sien hy 'n rooi perd wat die vrede van die aarde af wegneem.
  - Hy bewerk oorlog en bloed.
- Dan sien hy 'n swart perd.
  - Die een wat hom ry, meet 'n hongerloon vir die mense af.
- Daarna 'n vaal perd.
  - Hy staan vir die dood.

Dit stem presies ooreen met die perde in die naggestig van Sagaria. In al twee die gevalle hardloop die perde tegelyk oor die aarde:

- Die dinge wat hulle verteenwoordig, gebeur nie een-een nie. Hulle vind saam-saam plaas.
- Al hierdie dinge vertel van die gerig en oordeel wat die Gees van die Here oor die aarde gaan bring.
- Ons moet dus, voor ons verder gaan, besef dat die Heilige Gees met baie pyn die kerk gaan suiwer.

Sonder al die smarte en ellendes kom die kerk van die Here nie suiwer en verheerlik nie.

- Vir ons beteken dit dat ons sal moet regmaak dat hierdie dinge dalk met ons kan gebeur.
- En dan moet ons die genade van die Here daarin sien, omdat dit die proses is waarmee God alle onsuiverheid uit sy kerk verwyder, en ons dan geheilig word.

Sagaria 6:6 vertel dat die swart perde vertrek het na die land in die Noorde.

- Dit is die land waarheen die vrou en die efa in die vorige visioen geneem is.
- Dit is Babilonië – die land waar die duiwel die kerk van die Here se grense so weggeneem het dat God se volk grootliks deel geword het van 'n heidenvolk.

Die vorige naggestig het geleer dat die sonde 'n tempel gekry het daar in Sinear (die land in die Noorde).

- Kan die Here so 'n plek iewers verdra?
- Nee! Daarom gaan die Gees van die Here nou daarnatoe.
- Die swart perde neem Hom daarheen – om die oordeelsgerig te gaan uitoefen.
- Die Heilige Gees is dus dodelik op die spoor van die sonde – selfs in sy eie heiligdom in.

## **2. Die troos en genade van die naggesig.**

Die koperberge preek van die vloek wat die onsuiveres gaan tref wanneer die Heilige Gees by hulle kom.

- Ons moet hierby dink aan die koperslang in die woestyn wat die vloek moes dra wanneer 'n Israeliet deur slange gebyt was – dan kon die Israeliet lewe.
- Dit was 'n voorspelling van die vloek wat Christus eendag moes dra.

*Die troos uit die voorafgaande dinge is dat die kerk mag weet dat alle dreiging teen haar weggeneem word.*

Die oordeel van die saak is: Waar staan ons? Is ons nie dalk deel van die dreigement teen die kerk nie.

- Dan moet ons weet ons gaan deur die Here opgespoor word en uitgewis word.
- Want God gaan sy kerk heilig maak.

Die vier waens wat uitgaan na die vier windstreke en wat dood en verwoesting gaan saai, staan direk onder die bevel van God.

- Daar is nêrens en niemand of iewers 'n plek wat nie deurloop nie.
- Die hele aarde ondergaan die suiwing van die Here.
- Niks en niemand kan hom ook daarteen verset nie.
- Geen kwaad kom vry nie.

Dit klink skrikwekkend as ons so daarna luister. Maar ons moet reg luister, dan hoor ons die genade.

- Dit is so dat die Gees pyn en honger en siekte bewerk wanneer Hy die kerk suiwer.
- Dit is genoeg om enige mens bang te maak as ons dink dat die dinge in die wêreld gaan gebeur, maar ook in die kerk. Onder ons.

***MAAR hierdie aanslag van die Here is nie teen die gelowiges nie. Dit is teen die ongelowiges.***

Die gelowiges wat in Sinear mag wees, word almal deur die Gees by die kerk gevoeg in dieselfde proses waarmee die Heilige Gees Hom teen die ongelowiges opstel.

- Dit is al hoe die ongelowiges onder ons uitgesuiwer kan word.
- Die enigste manier hoe ons in die volmaaktheid kan ingaan, is om deel te wees van hierdie proses.
- Dit is dan die troos: Die eindproduk is een van absolute heerlikheid, en ek en jy is deel daarvan.

## **3. Die Here Jesus Christus word voorspel.**

Die hele saak bevat nog meer troos as wat tot nou toe gestel is, want dit is nie net die Heilige Gees wat gaan werk nie.

- Dit staan hier voorspel dat God ook deur sy Seun gaan werk.
  - Daar sal 'n man kom, en sy Naam sal "Spruit" wees.
  - Hy sal tergelykertyd Koning en Priester wees.

Dit is nie Serubabel van wie hier gepraat word nie. Hy kon hoogstens die koningsamp beklee.

- Dit gaan dus oor iemand wat baie groter is as Serubabel.
- Dit gaan oor meer as die kliptempel van Jerusalem wat hulle besig was om te herstel. Dit gaan oor die tempel van God.

Die bedoeling van die naggestig is nie dat Serubabel nie meer hulle tempel sou bou en dat hier net van die tempel van God in die hiernamaals gepraat word nie.

- Serubabel was in sy tempelbouery 'n styltipe van Christus.
- Daarom is die volk se herstel hier 'n voorspel van die herstel in die eindtyd.
- Ons lees al van die Verlosser in Sagaria 3:8:

**Luister tog, o Josua, jy wat die hoëpriester is, jy en jou vriende wat voor jou sit – ja, wondertekens is hulle. Want kyk, Ek sal my Kneg, die Spruit, laat kom!**  
(Sagaria 3:8 AFR53)

Jeremia het ook hierdie selfde profesie gepreek:

**Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land.** (Jeremia 23:5 AFR53)

Die eintlike Tempelbouer sal 'n Priester-Koning wees.

- Daarom word Josua, die hoëpriester, gekroon – sodat hy koning ook kan wees terwyl hy priester is.
- Die Spruit sal die Priester wees wat die volmaakte offer kan offer, maar Hy sal ook die mag hê oor die hemel en die hel.
- Daarom moet die kroon van hierdie uitsonderlike koningskap getuig. Vers 13 lees:

**Ja, Hy sal die tempel van die HERE bou, en Hy sal majesteit verkry en sit en heers op sy troon; ook sal Hy 'n priester wees op sy troon, en die raad van vrede sal tussen hulle twee bestaan.** (Sagaria 6:13 AFR53)

**Hulle twee** is natuurlik die Koning en die Priester.

*Dit is vanselfsprekend dat daar vrede sal bestaan, want die Persoon na wie verwys word, is tergelykertyd Priester en Koning. In hierdie een Wese het die twee ampte met mekaar verenig.*

- Die *eerste tempel* word gebou in Josua se tyd. Dit was die herboude tempel na die ballingskap.
- Die *tweede tempel* is een waaraan ons ook deel het. Dit is 'n geestelike tempel. Petrus skryf só daaroor (1 Petrus 2:5):

**... en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus.** (1 Petrus 2:5 AFR53)

Lees daarby Hebreërs 3:6:

**... maar Christus as Seun oor sy huis. En ons is sy huis as ons net die vrymoedigheid en die roem van die hoop tot die einde toe onwrikbaar vashou.**  
(Hebreërs 3:6 AFR53)

Dieselfde dinge word ook vir die kerk wat destyds in Efese was, geskryf. Luister hoe stel die Heilige Gees dit:

**Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus. Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skeep en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het.**

**En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was; want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader. So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees. (Efesiërs 2:13-22 AFR53)**

Let op die laaste woorde:

**... terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees. (Efesiërs 2:20b-22)**

In hierdie gedeeltes kom iets sterker na vore as in Sagaria se naggestig, naamlik ons verantwoordelikheid in hierdie saak.

- In Sagaria se naggestig gaan dit oor hoe die Gees van God die mense wat teen God sonde doen, gaan opsoek.
- Die Here trek nie wreed en onredelik op hulle los nie. Die Heilige Gees tref net die wat doelbewus onverantwoordelik is en daarin volhard.
- Daarom skryf Petrus: **Laat julle opbou!**
- En die Herbreërbrief: **as ons net onwrikbaar vashou!**
- *Die resultaat is uiteindelik die woorde aan die Efesiërs: Ons word in die Here Jesus opgebou tot 'n heilige tempel in die Here. Ons word saam opgebou tot 'n woning van God in die Gees.*

Sagaria 6 preek dus 'n rykdom van genade. Die Here gaan deur sy Gees sy kerk suiwer tot sy heiligdom. Die boek Openbaring beskryf die heiligdom só:

**En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. (Openbaring 21:2-4 AFR53)**

Daar staan verder geskryf dat alles nuut gemaak is. Daar sal geen teken van slytasie op die mensdom of op die skepping wees nie. So lyk die uiteindelijke tempel waarvan hier gepraat word.

Ons gaan binnekort weer Nagmaal gevier.

- In 'n sekere sin is Nagmaal ook 'n herdenking van die profesie dat hierdie Priester-Koning gebore is.
- Hy het geleef en gesterf. Sy bloed het gevloei tot vergewing van sondes van ons almal.
- Ons sal almal aan die Nagmaaltafel aansit omdat ons gedryf word deur God die Heilige Gees om die verlossing wat die Here Jesus vir ons bewerk het, te vier.
- Maar die Heilige Gees sif ook onder ons.
  - Hy vermaan ons ook.
  - Hy tref ons ook met straf wanneer ons volhard om te sondig. Al die dinge sodat ons tot bekering kan kom.

Dit is hier waar die kruks lê:

- 'n Ware gelowige word gestraf tot bekering.
  - Hy berus in sy lewenseerkry en sy lewenstryd.
  - Hy styg ook deur die krag van Jesus Christus uit bo sy omstandighede. Hy raak bekeer en volhard in die goeie.
  
- Maar die valse gelowige draai hier om.
  - Hy is die een wat opstandig raak en uitsak.
  - Dit is hulle van wie ons in ons teks lees dat hulle uiteindelik diep buig onder die geweld van verdoem wees.

Die saak is net dat die mense wat hulle nie met God wil vereenselwig nie, uiteindelik deur Hom weggeseël word in 'n plek waar hulle geen invloed op die heiligheid van die gelowiges het nie.

Die Priester-Koning van die kerk is die Here Jesus Christus.

- Hy is ook ons Koning!
- Ons moet Hom van harte aanbid!

Hierdie kennis dat die Here Jesus Christus ons God en Koning is, en daarmee saam ons belydenis dat die Here Jesus Christus ons God en Verlosser is, is bepalend van waar ons gaan wees wanneer God sy kerk met sy oordeel suiwer.

Daarom gaan die Here ons aan die Nagmaaltafel weer verseker van ons staanplek in sy genade!

**Amen**

Slotgebed

Slotpsalm 138:1 (p. 670)

1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,  
en voor die gode in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.  
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.  
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 5 Maart 2006  
Hulpdienspredikant Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 10 Februarie 2013